

2 Augustus

Skrifgedeelte: Matteus 4

Fokusgedeelte: Matteus 4:2-4

God se Woord alleen gee ware lewe

Ons is almal opnuut weer baie bewus van die stygende lewenskoste. Dieselfde goed kos hierdie jaar baie meer as wat ons verlede jaar daarvoor betaal het. Dit het die gevolg dat mense al hoe meer begin dink dat hulle volledig van hulle inkomste afhanklik is. Ek sal harder moet werk, sodat ek in my gesin se behoeftes kan voorsien. Bowendien hang die swaard van regstellende aksie oor ons koppe. Ek moet my werk ten alle koste behou.

Ten alle koste? Mag ek maar my diens aan God afskeep omdat my werk dit kwansuis vereis? Mag ek maar eredienste mis omdat ek sogenaamd moet werk? Mag ek maar toelaat dat my werk my so insluk dat daar nie tyd is om die Here te dien nie?

Toe Jesus vir 40 dae niks geëet het nie, sien die duiwel dit as 'n goeie kans om Hom te versoek. Hy wil hê dat Jesus sy almag as Seun van God moet misbruik deur van klippe brode te maak. Jesus weerstaan egter die versoeking deur die Skrif aan te haal: "'n Mens leef nie net van brood nie, maar van elke woord wat uit die mond van God kom."

Dit beteken: Om die Woord van God te hoor en te gehoorsaam, is belangriker as om te eet! Daarom moet my lewe om die Woord ingerig word en nie om my werk nie. Om die Woord te hoor, is selfs belangriker as my maandelikse inkomste! God se Woord alleen gee ware lewe!

Sing: Psalm 128:1

Ds HPM van Rhyn (Thabazimbi)